Van Hugo tot Hugo: die bemiddeling van Nederlandstalige literatuur in Afrikaanse vertaling

Marike Snyman

From Hugo to Hugo: the mediation of Dutch-language literature in Afrikaans translation

The translation of Dutch-language literature into Afrikaans has flourished over the past three decades, with the poet Daniel Hugo being at the forefront of translation activities. However, it seems as if Dutch-language authors could not make the same breakthrough into the Afrikaans literary system as their Afrikaans counterparts in the Low Countries. This article argues that in order to gain a more representative insight into the reception of Dutch-language literature in Afrikaans translation, not only the stature of a translator, but also transnational aspects in the transfer of cultural goods – such as institutional involvement and other agents – should be taken into account. Following the analysis of a corpus of reviews, it appears that Hugo is respected and trusted as a literary figure (both as a poet and translator). By investigating Hugo's career as a translator from a trust-based translation history perspective, this article seeks to provide greater insight into the reception of Hugo's oeuvre of Dutch-language literature translated into Afrikaans.

1. Inleiding

Daniel Hugo het hom eers as Afrikaanse digter, akademikus en radiopersoonlikheid gevestig voordat sy naam ook sinoniem met Afrikaanse vertalings uit Nederlands geword het. Deesdae word hy byna sonder uitsondering as "digter en vertaler" of "digter/vertaler" voorgestel, nadat hy oor 'n loopbaan van bykans vier dekades by verskeie bemiddelingsaktiwiteite tussen sowel die Engelse en Afrikaanse taalgemeenskappe as die Nederlandse en Afrikaanse taalgebiede betrokke was.[1]

Die transnasionale beweging tussen die Afrikaanse en Nederlandse literêre sisteme is tot dusver veral binne die literatuurwetenskaplike raamwerk bestudeer. Ondersoek is ingestel na die resepsie van digters/skrywers in die Lae Lande, soos Antjie Krog, Breyten Breytenbach, Marlene van Niekerk, Sheila Cussons, Wilma Stockenström en Ronelda Kamfer (Viljoen, 2019 en 2014; T'Sjoen, 2015 en 2012; Botes, 2012), terwyl die feit dat hierdie skrywers en hulle werk danksy verskeie rolspelers in 'n bemiddelde toestand aan die doelkultuur oorgedra is, tot dusver weinig aandag geniet het. Uit 'n vertaalteoretiese hoek ondersoek Buitendach (2018) wel die verkoop van vertaalregte van Afrikaanse

literatuur in Nederland en bied hierdeur meer insig in die seleksiekriteria vir die vertaling van populêre fiksie[2], terwyl Van der Watt (2021) drie Nederlandse vertalers vanuit 'n performatiewe raamwerk beskou ten einde meer lig te werp op hulle bemiddelingsaktiwiteite in die vertaling van Afrikaanse literatuur in die Lae Lande. Hieruit blyk dat die spektrum bemiddelingsaktiwiteite en die impak daarvan op die resepsie van die vertaalde outeurs baie meer omvattend is as wat verwag word van 'n vertaler, tradisioneel beskou as die onsigbare wese agter die vertaalde teks.

Wat navorsing oor vertaling vanuit Nederlands in Afrikaans betref, lê daar 'n braakland wat vanuit vele hoeke benader kan word. T'Sjoen (2016) bied 'n oorsig van die stand van Nederlandse literatuur in Suid-Afrika, en bepleit ondersoek na die "hedendaagse grensverkeer" tussen hierdie twee literêre sisteme. Hy verwys onder andere na Daniel Hugo as die produktiefste vertaler van Nederlandse literatuur in Afrikaans, en dat "de onafgebroken vertaalarbeid van Hugo beeldbepalend is voor de Nederlandse literatuur in Zuid-Afrika" (T'Sjoen, 2016). Hierbenewens "bepaalt hij in hoge mate de begin eenentwintigste-eeuwse receptie van de Nederlandstalige literatuur in het Afrikaans" (T'Sjoen, 2016). T'Sjoen verwys dan skrams na Nicol Stassen, direkteur van Protea Boekhuis, wat jaarliks daarin slaag om vertaalsubsidies van die Nederlandse en Vlaamse "letterenfondsen" vir die vertalings uit Nederlands te kry, en meld dan: "Hugo werkt met die vele opdrachtvertalingen aan een gesubsidieerd beeld van de Nederlandse literatuur in Johannesburg en Kaapstad" (T'Sjoen, 2016). Bradford (2009: 231) wys egter daarop dat hoewel vertalers as "hekwagters" 'n groot rol in die seleksie en verspreiding van buitelandse kulturele kapitaal speel, "the integration of these imports depends not only on their personal 'gaming' powers, but also on the arena of reception, i.e., the readers and writers and their appreciation and identification with the works in their translated versions".

In die Afrikaanse literêre sisteem is daar ruimte vir 'n kritiese beskouing van sowel die betrokkenheid van ander agente en instellings as die "resepsie-arena" by die seleksie, produksie en verspreiding van vertaaltekste. Hierdie artikel fokus vervolgens op Daniel Hugo se rol as kulturele bemiddelaar tussen Afrikaans en Nederlands. Sy vertaaloeuvre word vanuit vertaalhistoriese perspektief ondersoek deur die vertrouensgebaseerde benadering van Rizzi, Lang en Pym (2019) te betrek, om sodoende ook 'n bydrae tot hierdie gesprek te lewer.

Die noue band tussen Afrikaans en Nederlands, en ook die status van Afrikaans as 'n minderheidstaal (internasionaal en in verhouding tot Nederlands) skep ruimte vir die vertalers om buite die boekomslae van die vertaalde tekste sigbaar te raak. Die vertaalhistoriese benadering, waar die klem gelê word op "who translated what, how, where, when, for whom, and with what effect"

(Pym, 1998: 5), maak dit moontlik om ’n spesifieke agent en die rol wat hy/sy as kulturele bemiddelaar vervul, grondig te ondersoek. Pym (1998: 5) identifiseer drie subareas van die vertaalhistoriese benadering, naamlik vertaalargeologie, historiese kritiek en verduideliking. Vertaalargeologie poog om bostaande vraag te beantwoord deur middel van verskeie metodes soos die opstel van katalogusse tot biografiese navorsing oor vertalers (Pym, 1998: 5), en dit is die koers wat hierdie artikel wil inslaan. ’n Gemengdemetode-benadering word gevolg deur ’n inventarisondersoek wat veral fokus op die “wie”, “wat”, “waar” en “wanneer” van vertalings uit Nederlands in Afrikaans, terwyl ’n beperkte resepsieondersoek die “hoe”, “vir wie” en “effek” van Hugo se vertaaluitset sal verhelder.

Rizzi, Lang en Pym (2019: 2) stel ’n vertrouensgebaseerde benadering tot vertaalgeskiedenis voor, aangesien dit beter insig bied in die redes waarom vertalings enigsins geproduseer is. In onlangse werk deur literatuurhistorici word op vroeg moderne vertalings in Europa binne ’n konteks van sosiale en kommersiële verandering gefokus, en die belangrikheid daarvan om vertalers op die ontmoetingsplek tussen die produksie en verbruik van tekste te plaas, word uitgelig (Belle en Hosington, 2017: 17). Deur die sirkulasie van boeke en idees te fasiliteer, het vertalers histories ’n belangrike rol gespeel in die sosiale, ekonomiese en intellektuele “mediërende netwerke” wat leesgewoontes en literêre smaak in vroegmoderne Europa gevorm het (Belle en Hosington, 2017: 17). Rizzi et al. (2019: 4) is van mening dat *vertroue* – as ’n belangrike sosio-kulturele doelwit en ambisie van interkulturele mediasie – nie genoeg aandag in vertaling gekry het nie, aangesien vertalers en tolke inderwaarheid hulle betroubaarheid uitruil:

> [t]ranslators, in order to survive as translators, must be trusted by all parties involved, both as a profession and individually. […] Without this trust, the profession would collapse, and so would its practice.
> (Chesterman in Rizzi et al., 2019: 5)

Rizzi et al. (2019: 10) definieer “vertroue” (of “lojaliteit” soos dit deur Christiane Nord, 1991, in die ontwikkeling van die funksionalistiese benadering tot vertaling gebruik word) as ’n waarde of morele beginsel wat die vertaler of tolk met ’n netwerk van kliënte of klante verbind. Vertroue is ’n historiese produk wat gekweek word deur ’n “complex web of rhetorical, emotional, and attitudinal factors: signalling or promise-making, sincerity, and readers’ and audiences’ receptivity to texts and agents” (Rizzi et al., 2019: 11). In hierdie artikel word resensies van vertalings wat deur Daniel Hugo geproduseer is, as nodus van hierdie “resepsieseine” beskou en ontleed, ten einde vas te stel in watter mate hy as vertaler binne die akademiese en meer algemene leserspubliek vertrou word.

2. Inventarisondersoek

Die data vir die inventarisondersoek is op 23 November 2020 uit die databasis van die Nederlands Letterenfonds (2020) onttrek en in 'n MS Excel-sigblad ingevoer, aangepas en ontleed. Sedert C.M. van den Heever in 1933 die eerste Afrikaanse bloemlesing van Guido Gezelle se poësie saamgestel het, is daar 'n korpus van 194 vertaalde werke uit Nederlands in Afrikaans opgebou.[3] Dit kan soos volg per genre verdeel word (sien Figuur 1):



Figuur 1: Genreverdeling van vertalings uit Nederlands in Afrikaans

Hugo se aandeel van 61 vertalings sedert 1996 word in Tabel 1 per genre vergelyk met die totale uitset van vertalings uit Nederlands wat sedert 1933 in Afrikaans verskyn het:

Genre	**Totaal**	**Daniel Hugo**
Kinder- en jeugliteratuur	111	26 (23,4%)
Fiksie	51	20 (39,2%)
Poësie	17	10 (58,8%)
Nie-fiksie	16	5 (31,25%)
Totaal	195 vertalings	61 vertalings

Tabel 1: Vertalings uit Nederlands in Afrikaans sedert 1933 volgens genre

Tot en met Hugo se toetrede tot die vertalerskorps Nederlands-Afrikaans in 1996, was daar nie 'n enkele vertaler wat vir meer as drie vertalings uit Nederlands verantwoordelik was nie[4]. Om hierdie bydrae in perspektief te plaas, toon Figuur 2 aan hoeveel vertalings deur alle vertalers van werke uit Nederlands in Afrikaans sedert 1933 geproduseer is (dramatekste en kinder- en jeugliteratuur uitgesluit)[5]:



Figuur 2: Vertalers uit Nederlands in Afrikaans sedert 1933

Uit bostaande tabel is dit duidelik dat Hugo met 35 uit 84 vertalings voorkeur geniet as vertaler op die Nederlands-Afrikaanse vertaaltoneel. Let ook op die groot persentasie vertalers wat slegs vir één vertaling elk verantwoordelik was, of waar die vertaler nie eers vermeld word nie (24 gevalle, of 28,6% van die totale vertaaluitset – 18 daarvan voor 1996 toe Hugo die veld betree het). Dit gee 'n aanduiding van hoe onstabiel die Afrikaanse literêrevertaalsisteem (met betrekking tot vertalings uit Nederlands) tot op daardie stadium was. Die enigste vertaler wat uit die era voor 1996 dateer, is Abraham H. de Vries, wat een vertaling in 1967 en nog een in 2001 gelewer het. Sedert 1996 was 14 vertalers betrokke by die vertaling van Nederlandse fiksie, nie-fiksie en poësie in Afrikaans, waarvan ses vertalers slegs vir één vertaling verantwoordelik was. Uit die agt vertalers wat vir meer as een vertaling gesorg het, het slegs Daniel Hugo, Zandra Bezuidenhout, Christine Barkhuizen-Le Roux[6], Fanie Olivier en Wium van Zyl drie of meer vertalings geproduseer[7].

Vertalings deur Hugo het by sewe verskillende uitgewers verskyn, maar die oorgrote meerderheid daarvan is deur Protea Boekhuis uitgegee (49 uit 61 van Hugo se vertalings), wat strook met Protea Boekhuis se beduidende aandeel in

die publikasie van vertaalde literatuur in Afrikaans oor die algemeen. Dit dui ook daarop dat Hugo se invloed as vertaler ook verder as 'n enkele uitgewershuis strek. Figuur 4 toon Hugo se vertaaluitset by die verskillende uitgewers aan:



Figuur 3: Uitgewers van vertalings deur Daniel Hugo

Hugo se vertaalarbeid neem vervolgens nog glad nie af nie. Teen November 2020 is vertaalregte vir vertalings deur Hugo reeds vir die volgende werke goedgekeur met verwagte publikasie in 2021 (Nederlands Letterenfonds, 2020)[8]:

- 'n Vertaling van Tonke Dragt se *De brief voor de koning* by Protea Boekhuis (kinderboek) – met finansiële ondersteuning van die Nederlands Letterenfonds
- 'n Vertaling van Tonke Dragt se *Geheimen van het Wilde Woud* (1965) by Protea Boekhuis (kinderboek) – met finansiële ondersteuning van die Nederlands Letterenfonds
- 'n Vertaling van Nachoem M. Wijnberg se poësiebundel *Liedjes* (2006) by Imprimatur Uitgewers

Dit blyk ook dat Hugo wel 'n mate van seggenskap het in die seleksie van poësietekste vir vertaling – en in daardie opsig dus aktief meewerk aan die beeld van Nederlandse en Vlaamse digters in die Afrikaanse literêre sisteem. In die volgende afdeling sal dit ook duidelik word hoe hierdie bundels besonder positief ontvang is deur resensente. Uit die 12 bundels waar hy vir die vertaling

verantwoordelik was (10 reeds gepubliseer en 2 in proses), het hy die helfte aan uitgewers voorgestel (Hugo, 2020), naamlik:

- Herman de Coninck: *Liefde, miskien* (Queillerie, 1996)
- Gerrit Komrij: *Die elektries gelaaide hand* (Protea, 2005)
- Marc Tritsmans: *Die singende wêreld* (Naledi, 2019)
- Benno Barnard: *Die trouservies* (Naledi, 2019)
- Eddy van Vliet: *Volgens die wette van afskeid en herfs* (Protea, 2021)
- Nachoem Wijnberg: *Liedjies* (Imprimatur, 2021)

Senekal (2013: 108) bevind in sy netwerkontleding van Afrikaanse poësie tussen 2000 en 2012 dat Daniel Hugo saam met Floris A. Brown die meeste bundels uitgegee het, en dus in daardie periode oor die hoogste graadsentraliteit[9] in die Afrikaanse poësienetwerk beskik het. Uit bostaande ontleding van die Afrikaanse vertaalsisteem uit Nederlands, blyk dit dat Hugo ook in die sentrum van aktiwiteite sou staan as 'n soortgelyke berekening van graadsentraliteit daarop toegepas sou word. Hoewel Senekal (2013: 108) telkens daarop wys dat graadsentraliteit 'n kwantitatiewe aanduiding van 'n agent se uitsette is – en nie 'n kwalitatiewe aanduiding nie – spreek die feit dat 'n outeur of vertaler tot die sentrum van 'n literêre sisteem behoort, myns insiens reeds van vertroue.

'n Belangrike aspek wat in die transnasionale oordrag van kultuurgoedere in ag geneem behoort te word, is die toekenning van projeksubsidies en hoe dit die seleksie van vertalings in die doelkultuur beïnvloed. Vertaalaktiwiteit tussen Nederlands en Afrikaans het 'n skerp toename getoon ná die politieke veranderings in Suid-Afrika sedert die vrylating van oudpresident Nelson Mandela in 1990. Na aanleiding van Antjie Krog se vertaling van Tom Lanoye se *Mamma Medea* (2002), skryf Van Zyl Smit (2005: 54) dat dit opvallend was "dat na die aftakeling van apartheid daar 'n nuwe toenadering tussen die Nederlandse en Afrikaanse letterkunde is", waarvan die samewerking tussen Lanoye, Krog en Basson slegs een voorbeeld was. Sy verwys ook na die afwesigheid van die voormalige staatsondersteunde uitvoerendekunsterade wat hierdie onderneming grootliks afhanklik van kommersiële borge en kultuurfondse gemaak het, soos die Vlaams Fonds voor de Letteren en die L.W. Hiemstra-trust. Hierdie verskynsel is nie beperk tot die publikasie en/of uitvoering van dramas nie, en in die boekewêreld is die aanwesigheid van finansiële steun van die kultuurfondse vir vertalings uit die Lae Lande besonder opmerklik.

Volgens die databasis van die Nederlands Letterenfonds (2020) is daar in die periode 1933-1987 (54 jaar) 17 tekste uit Nederlands in Afrikaans vertaal[10], maar sedert 1991[11] (29 jaar) het 65 Nederlandstalige werke in Afrikaans verskyn. Die

totstandkoming van die Literair Productiefonds in 1991 (die voorloper van die Nederlands Letterenfonds) en die Vlaams Fonds voor de Letteren in 2000 (die naam is in September 2019 verander na Literatuur Vlaanderen) blyk, buiten die politieke omwentelings in Suid-Afrika, belangrike faktore in die kultuuruitruiling te wees. Figuur 4 toon vervolgens aan hoeveel vertalings per jaar sedert 1991 gepubliseer is, en ook hoeveel daarvan befonds is[12]:



Figuur 4: Vertalings uit Nederlands in Afrikaans sedert 1991

Slegs 11 van die 65 vertalings van Nederlandstalige fiksie, nie-fiksie en poësie in Afrikaans is nié deur een van die vertaalfondse ondersteun nie. Van dieselfde kategorieë se vertalings wat deur Hugo behartig is, is slegs 4 van die 35 tekste nié finansieel deur ’n kultuurfonds ondersteun nie. Hiervolgens het 83,1% van hierdie Nederlandstalige titels sedert 1991 danksy subsidies in Afrikaans verskyn – wat meer is as die byna 75% van alle vertaaluitsette wat gesamentlik deur die Nederlands Letterenfonds en Literatuur Vlaanderen in 2018 ondersteun is (McMartin, 2019: 204)[13]. Die meeste van hierdie vertalings sou waarskynlik ook nooit gepubliseer gewees het as dit nie vir die vertaalsubsidies was nie. Nicol Stassen, uitgewer en eienaar van Protea Boekhuis, gebruik volgens Hugo (2018) drie kriteria by die oorweging van ’n teks vir vertaling: goeie verkoopsyfers in die bronkultuur, pryse toegeken, en ’n subsidie van ’n vertaalfonds. Dit is nie uniek tot die Afrikaanse boekemark nie – Heilbron en Sapiro (2016: 388) wys daarop dat toenemende kommersiële beperkings

daartoe gelei het dat "the space of small-scale production most often relies on subsidies, both in publishing and translations".

In die Nederlandse taalgebied, daarenteen, is Afrikaanse werke tot en met 2017 sonder die ondersteuning van 'n soortgelyke vertaalfonds ingevoer, hoewel vertaalbeurse van die Nederlandse of Vlaamse literatuurfondse die vertalers se inkomste kon aanvul. Slegs sedert die stigting van die PEN Afrikaans Vertaalfonds in 2017 was dit moontlik vir Nederlandse uitgewers om vir subsidies aansoek te doen vir die vertaling van werke uit Afrikaans. Voorheen moes Afrikaanse werke toegang tot die leesmark in die Lae Lande op eie meriete kry, terwyl Nederlandse en Vlaamse literatuur aan die Afrikaanse mark beskikbaar gestel is danksy die ondersteuning van die literatuurfondse. Dat die markte in die gebiede onder bespreking totaal verskillend op mekaar se literatuur gereageer het, is veral duidelik wanneer ondersoek ingestel word na hoeveel Afrikaanse outeurs opgang in die Lae Lande gemaak het, terwyl dieselfde nie van Nederlandse outeurs in die Afrikaanse mark gesê kan word nie. Selfs ná Tom Lanoye se vier prosawerke en drie bekroonde dramas in Afrikaans, geniet hy nie dieselfde aanhang of verkoopsyfers hier as byvoorbeeld Marlene van Niekerk, Antjie Krog, Breyten Breytenbach, André Brink, Deon Meyer of Irma Joubert in die Lae Lande nie.

Dat Hugo, soos T'Sjoen (2016) dit vroeër gestel het, gewerk het aan 'n "gesubsidieerde beeld" van literatuur uit die Lae Lande, is dus heel duidelik. Of hy (alleen) vir die resepsie daarvan verantwoordelik gehou kan word, sal in die volgende afdeling verder ondersoek word.

3. Resepsieondersoek

Deur 'n resepsiestudie kan die sosiale impak van 'n werk op die doelkultuur bepaal word. Ten einde vertaling as 'n sosiale praktyk te verstaan, is dit nodig om benaderings te vermy wat suiwer tekstueel is, en is dit nodig om al die deelnemende agente te inkorporeer – sowel individue as instellings (Heilbron en Sapiro, 2007: 104). Vertaling word vervolgens as 'n produk van die doelkonteks, en in die doelkultuur as ontvanger daarvan, bestudeer (Brems en Ramos Pinto, 2013: 143). Kwalitatiewe data met betrekking tot die resepsie van die vertaalde werke kan verkry word uit literêre kritiek, vraelyste en onderhoude (Brems en Ramos Pinto, 2013: 144) – wat meer insig kan bied oor waarom spesifieke werke vir vertaling gekies is, waarom 'n spesifieke vertaler by die projek betrokke was, die bemarkingstrategieë wat gebruik is en die impak van die tekste in die doelkultuur.

Literêre kritiek in die vorm van resensies speel 'n belangrike rol as parateks[14]. Hierdie parateks word nie alleen 'n drempel waardeur die teks aan lesers bekendgestel word nie, maar speel ook 'n rol in die skep van vertroue in 'n outeur,

vertaler of ’n vertaalde letterkunde. Verboord (in Senekal, 2013: 114) skryf as volg oor die belang van resensies in die skep van ’n outeur se literêre prestige, maar dit kan myns insiens ook op die beskouing van vertroue in ’n literêre vertaler toegepas word:

> An author’s prestige is dependent on how s/he is perceived by significant others. Not only does the attribution of value to the author in question have to meet wide general acceptance, both attribution and acceptance increasingly gain weight when coming from persons possessing considerable authority on literary matters.

Volgens Kleyn (2013: 132) is dit duidelik “dat vertaling (veral in resensies) met erns bejeën word, en dat streng eise en hoë verwagtinge aan suksesvolle vertaling gestel word”. Swart (2016) begin egter sy resensie van *Die Hormoonfabriek*, wat hy omskryf as “Daniel Hugo se Afrikaanse vertaling uit Nederlands van Saskia Goldschmidt se gelyknamige debuutroman”, met ’n versugting wat meermale in vertaalteoretiese kringe gehoor word:

> Te gereeld word die feit dat ’n roman vertaal is, óf glad nie in resensies van die vertaling genoem nie óf met die een of ander niksseggende opmerking oor ’n “vlot”, “leesbare” of “geslaagde” vertaling verreken, en wel sonder stawende voorbeelde, met die resensent wat dan voortgaan met kommentaar op “die skrywer” se boek. (Swart, 2016: 234)

Hiermee sluit hy aan by Hermans (1996: 23) se siening dat wanneer ons iets in vertaling lees, “the original Narrator’s voice is not the only which comes to us” – “[t]ranslated narrative discourse [...] always implies more than one voice in the text, more than one discursive presence” (Hermans, 1996: 27). In hierdie afdeling word ondersoek ingestel na die mate waarin Kleyn se waarneming of Swart se kritiek ten opsigte van resensies van Daniel Hugo se vertaalwerk uit Nederlands geldig is – en dus in hoe ’n mate resensente Hugo se stem erken in die vertalings waarvoor hy verantwoordelik was, en die vertroue wat daarin uitgespreek word, al dan nie.

3.1 Korpusseleksie

Resensies wat handel oor vertalings deur Daniel Hugo uit Nederlands in Afrikaans en wat in Afrikaanse dagblaaie, tydskrifte, aanlyn publikasies en in akademiese joernale verskyn het en aanlyn beskikbaar is, is vir die korpus geselekteer. Die resensies is deur middel van die soekfunksies van *Pressreader*, *LitNet* en *Sabinet* opgespoor[15]. Joan Hambidge se blog, *Woorde wat weeg*, het ook

’n aantal resensies opgelewer wat oor die jare in verskillende publikasies verskyn het, terwyl een resensie van Deborah Steinmair in *Vrye Weekblad* gevind is. Die soekterm “Daniel Hugo” het ook die volgende resultate ingesluit: werk geskryf deur Hugo self (onder andere resensies van ander Afrikaanse outeurs se werk, koerantartikels oor taal- en kultuurkwessies en artikels oor vertaalkwessies), vertalings van verskeie Nederlandse digters se werk wat in akademiese joernale opgeneem is of op die weblog *Versindaba* verskyn, en ’n uitgebreide versameling van artikels wat oor die jare in koerante en op *LitNet* en *Voertaal* verskyn het oor Hugo en sy werk (sowel as digter en as vertaler) of oor pryse wat aan hom toegeken is.

Hierdie korpus is deur middel van ATLAS.ti gekodeer en ontleed, ten einde vas te stel waarop die resensente fokus wanneer ’n vertaalde teks geresenseer word. Die kodering is deels deur Andringa (2006: 526) se resepsiewaardes geïnspireer, maar omdat die klem van hierdie ondersoek val op uitsprake wat spesifiek die vertaling of vertaler betrek, is ’n volledige kodering en kwantifisering van resepsiewaardes nie uitgevoer nie. Andringa (2006: 547) verwys na groepe geïnternaliseerde waardes waaruit agente in ’n literêre (sub-) sisteem put – deur die evaluerende woorde of uitsprake in resensies te ontleed “may sometimes reveal such underlying sets and help to detect differences between various repertoires or changes over time”. Die groep waardes waarop hierdie ontleding gefokus het, val onder Andringa se “values concerning form” – waar uitsprake oor die taal, styl, struktuur, komposisie en die kwaliteit van die vertaling geïdentifiseer word. Hierbenewens is ook spesifiek gelet op uitsprake wat die rol van die vertaler of uitgewer betrek.

In die dataontleding word onderskei tussen akademiese resensies en resensies wat in koerante, tydskrifte en aanlyn publikasies verskyn het (hierdeur kan verskille tussen die onderskeie “repertoires” sigbaar word). Hoewel akademici dikwels as resensente vir dagblaaie, tydskrifte en aanlyn publikasies optree (soos Joan Hambidge, Willie Burger en Marius Crous), verskil die teikengehoor van dié van vaktydskrifte, met gevolglike opmerklike verskille in die aanpak en omvang van die resensies. Voorts word die resensies wat in dagblaaie en tydskrifte verskyn het, saam met dié van aanlyn publikasies hanteer, aangesien daar aanvaar word dat die teikengehoor groot ooreenkomste toon.

Hierdie korpus is nie volledig nie, weens die feit dat resensies wat in die laat negentigs en die vroeë jare van die 2000’s in die gedrukte media gepubliseer is, nie aanlyn beskikbaar is nie[16] – dit word wel as ’n verteenwoordigende korpus vir hierdie projek beskou. Tabel 2 gee ’n uiteensetting van die korpus resensies wat saamgestel is:

Akademies	**Dagblaaie en tydskrifte**	**Aanlyn publikasies**
Literator – 18 resensies	*Netwerk24* – 17 resensies	*LitNet* – 10 resensies
Tydskrif vir Letterkunde – 12 resensies	*Vrouekeur* – 1 resensie	*Woorde wat weeg* – 3 resensies
		Vrye Weekblad – 1 resensie
Totaal: 30 resensies	Totaal: 18 resensies	Totaal: 14 resensies

Tabel 2: Verdeling van resensies oor vertalings uit Nederlands in Afrikaans deur Daniel Hugo

Hiervolgens is dit dus duidelik dat daar 'n byna gelyke verspreiding van akademiese en ander resensies is (30 teenoor 32). Wat die genreverspreiding van geresenseerde vertaalde werke betref, kan die volgende verdeling waargeneem word:

Medium Genre	**Akademies**	**Dagblaaie en tydskrifte**	**Blogs**
Fiksie	15	10	10
Nie-fiksie	3	4	0
Poësie	8	3	3
Jeugboeke	4	1	1
Totaal	30	18	14

Tabel 3: Genreverdeling per publikasiemedium

Die prosawerke wat die meeste geresenseer is, is Stefan Hertmans se *Oorlog en terpentyn* (2016) (9 resensies), met Dimitri Verhulst se *Die helaasheid van die dinge* (2018) (4 resensies) in die tweede plek. Herman de Coninck se *Die lenige liefde* (2009) (4 resensies) is die poësiebundel met die meeste resensies.

3.2 *Kwalitatiewe dataontleding*

3.2.1 Akademiese resensies

Die volgende patrone is waargeneem uit die kwalitatiewe ontleding van die 30 resensies wat in die twee akademiese publikasies, *Literator* en *Tydskrif vir Letterkunde*, verskyn het:

Fokus op vertaling	Aantal resensies
Die vertaler/vertaling word glad nie/slegs een maal vermeld	10
Uitsluitlik tot oorwegend negatief – voorbeelde ter stawing word aangebied	3
Uitsluitlik tot oorwegend positief – voorbeelde ter stawing word aangebied/rol van vertaler word bespreek	17

Tabel 4: Fokus op vertaling in akademiese resensies

Die resensente se fokus in die bespreking van vertaalde werke uit Nederlands in Afrikaans waarvoor Hugo verantwoordelik was, word vervolgens kortliks ontleed. Dit word volgens bostaande indeling gegroepeer.

Die vertaler/vertaling word glad nie/slegs een maal vermeld

Akademiese resensies wat die vertaling of vertaler heeltemal ignoreer, is dié van Crous (2017; oor Tom Lanoye se *Gelukkige slawe*, 2015) en Foster (2011; oor Jan Terlouw se *Koning van Katoren*, 2010). Schaffer (2017; oor Herman Koch se *Vakansiehuis met swembad*, 2015) verwys slegs na ’n teks “wat weereens die groot vertaaltalent van Daniel Hugo uitwys” maar bied geen stawende voorbeelde nie, terwyl Nieuwoudt (2019) die vertaling van Adriaan van Dis se *Ek kom terug* (2018) positief beoordeel omdat dit die “inherente eienskappe van die teks” behou. Crous se oordeel oor die vertaling van Tom Lanoye se *’n Slagterseun met ’n brilletjie* (2008) verskyn in die eerste paragraaf van sy resensie wat verder slegs op Lanoye se teks konsentreer: “In sy vertaling slaag Hugo beslis daarin om die nuanses van Lanoye se skryfwerk in Afrikaans oor te dra” (Crous, 2009: 184). In sy resensie oor die vertaling van Koch se *Die Aandete* (2013), sluit Vercuil (2017) slegs ’n kort paragraaf in oor die vertaling (“Daniel Hugo se vertaling laat niks verlore gaan van die Nederlandse karakter van die boek nie”). Van der Merwe (2018) se mening oor die vertaling van Stefan Hertmans se *Oorlog en Terpentyn* (2016) is bloot: “Die Afrikaanse vertaling deur Daniel Hugo is soepel en lees lekker; dit behou ’n sekere ritme van die oorspronklike Nederlands”. Oberholzer (2011: 209; oor Van Rijckeghem en Van Beirs se *Jonkvrou*, 2011) verwys slegs na die manier waarop aanspreekvorme vertaal is en beskou die vertaling van hierdie “toonaangewende Nederlandse literêre werk” as “’n waardevolle toevoeging tot die Afrikaanse boekeskat”. Maas (2018: 195) verwys na Hugo se “sprankelende Afrikaanse vertaling” benewens die tipografiese hantering in die vertaling van oorspronklike Franse teksgedeeltes en dialek in die bronteks van die vertaling van *Oorlog en terpentyn* (2016). Van der

Merwe (2014) skryf 'n "aangename leeservaring" toe aan "Daniel Hugo se knap vertaling" van Van Dis se *Tikkop* (2011).

Uitsluitlik tot oorwegend negatief – voorbeelde ter stawing word aangebied

Swart (2016: 234) benader sý resensie van *Die Hormoonfabriek* (Goldschmidt, 2015) in ooreenstemming met sy beskouing van 'n vertaalde teks wat "soos alle vertaalde romans, minstens twee maal geskryf [is]: eers in Nederlands deur Goldschmidt, en daarna in Afrikaans deur Hugo". Benewens 'n beknopte oorsig van die vertaalde teks en die temas wat daarin aan bod kom, bespreek hy die Afrikaanse teks as vertaling uitvoerig deur sowel positiewe, maar oorwegend negatiewe, aspekte daarvan uit te lig met stawende voorbeelde. So byvoorbeeld is Swart (2016: 235) van mening "[d]ie karakter se Afrikaanse taalgebruik is soms nogal fatsoenlik vir die beeld wat deur sy optrede en monoloë geskep word, iemand wat selfs deur sy eie broer as 'aartsdoos' beskryf word: telkens word 'die liefde bedryf', selfs met vroue wat hy duidelik slegs as diensliggame sien". Sinskonstruksies is soms ook problematies en "[t]elkens moet die leser twee of drie keer oorbegin om sekerheid te verkry oor wat nou eintlik genegativeer of aaneengevoeg word" (Swart, 2016: 235). Ook 'n aantal redigeerkwessies word uitgewys (Swart, 2016: 236).

Loots (2018) hanteer die vertaling van Frank Westerman se *El Negro en ek* (2017), en hoewel sy van mening is dat dit "nie die taak van 'n resensent [is] om 'n vertaling te beoordeel deur vlieë te vang en beuselagtige taalfoute of individuele woordkeuses te bevraagteken ten koste van die groter prentjie nie" word byna 'n driekwart van die resensie aan kritiek op die vertaling gewy nadat sy eers die relevansie van die teks vir 'n Afrikaanse gehoor uitgewys het en baie kortliks beskryf het waaroor die boek gaan: "Reeds met die intrapslag, en selfs voordat oorweging geskenk word aan die kruiskulturele en tussentalige kommunikasie tussen Afrikaans en Nederlands, val spelfoute op, byvoorbeeld 'vooroorhel' pleks van 'vooroor hel', 'verderaan' pleks van 'verder aan' en 'gaspacho' pleks van 'gazpacho'" (Loots, 2019). Sy verwys ook na nie-grammatikale sinskonstruksies, "sinskonstruksies waarin die Engelse frase idiomatiese Afrikaans verdring", ander sinsboufoute en foutiewe voorsetselgebruik, en is ook van mening dat dit "onduidelik [is] of Hugo die vertaalstrategie [sic] van verinheemsing gekies het, die behoud van vervreemdende elemente in die doeltaal, of vir 'n kombinasie hiervan". Haar uiteindelike beoordeling van die teks is dat "Westerman se teks verdien om sonder hindernisse deur Afrikaanse lesers geniet te word" – wat daarop dui dat sy, soos Swart hierbo, 'n vertaling beskou as 'n teks wat twee maal geskryf is.

Senekal (2019; oor Dimitri Verhulst se *Die helaasheid van die dinge*, 2018) bied nog 'n resensie aan waar die verhaal en vertaling elk op eie meriete beoordeel

word. Hy begin die resensie deur te wonder of die goeie resepsie in die Lae Lande hierdie "publikasie as 'n seminale teks daarstel, een waarvan toegang daartoe meer as 'n dekade later vir die Afrikaanse leser verrykkend" [sic], en betrek hiermee 'n kwessie ten opsigte van die seleksie van tekste vir vertaling wat verdere ondersoek noop. Sy kritiek op die vertaling word vervolgens ingelei deur te verklaar dat 'n mens by die resenseer van 'n vertaalde werk "poog om nie té pedanties te wees nie – veral omdat die algemene leser waarskynlik nie toegang tot die oorspronklike teks het nie", maar hy gee wel verskeie voorbeelde van vertaalkeuses waarmee hy nie saamstem nie, gevolg deur een voorbeeld van 'n skets wat "wel uitstekend idiomaties vertaal" is.

Uitsluitlik tot oorwegend positief – voorbeelde ter stawing word aangebied/rol van vertaler word bespreek

Verskeie oorwegend positiewe resensies behandel die vertaling as 'n as "tweedelige" teks. Dikwels word die belangrike rol van die vertaler as kulturele bemiddelaar ook uitgelig. Dit is ook opmerklik dat daar veral in die resensies van vertaalde poësiebundels besondere aandag aan die vertaling en/of die rol van die vertaler geskenk word. Hiermee slegs 'n aantal voorbeelde uit hierdie resensies:

In Van Zyl (2014) se resensie oor die vertaling van Henri van Daele se weergawe van die klassieke Nederlandse werk *Reinaard die vos* (2013), plaas hy eers die bronteks en die ontstaansgeskiedenis daarvan deeglik binne die konteks van die bronkultuur, waarna hy ook die geskiedenis en impak van vorige verwerkings van *Reinaard* in die Afrikaanse konteks bespreek. In die oorblywende kwart van die resensie word die kwaliteit van die vertaling beoordeel op grond van twee kriteria, naamlik of Hugo se "prosa vlot lees en toeganklik is vir gewone lesers" (Van Zyl, 2014: 209). Aan die hand van 'n aantal voorbeelde word die leser oortuig dat die teks aan hierdie vereistes voldoen en dat dit so 'n belangrike skat is dat "daar geen geslag Afrikaansstudente en liefhebbers verby [mag] gaan sonder kennismaking met hierdie vos nie" (Van Zyl, 2014: 209). Van Zyl (2004) bespreek ook David van Reybrouck se *Die Plaag, die stil geknaag van skrywers, termiete en Suid-Afrika* (2003) en opper teen die einde 'n beswaar teen enkele vertaalkeuses ten opsigte van die werkwoordtyd en gevoelswaarde, maar noem ook dat dit ongelukkig nie die "enigste deel van die vertaling [is] wat nie klop nie" en dat daar "selfs hele sinne van die oorspronklike weggelaat" is (Van Zyl, 2004: 212). Nieteenstaande voel hy dat die Afrikaanse teks baie vlot lees en "heel selde na vertaalde prosa" klink (Van Zyl, 2004: 212).

'n Akademiese resensie wat die vertaling deeglik onder die loep neem, maar vreemd genoeg op een voorbeeld na, slegs uit die Nederlandse bronteks aanhaal, is dié van Van der Elst (2005), oor die bloemlesing met gedigte van Gerrit Komrij,

Die elektries gelaaide hand (2005). Hy gee voorbeelde van vondste in Hugo se vertaling en verklaar dat die vertalings oor die algemeen getuig "van die hand van 'n meester" (Van der Elst, 2005: 160), maar volg dit ook op met 'n aantal punte van kritiek. Hugo se rol as vertaler word voorts uitgelig omdat hy "'n belangrike Nederlandse digter vir die Afrikaanse liefhebbers van poësie bekendgestel het" (Van der Elst, 2005: 162).

Marlies Taljard (2009) bespreek die tweede bloemlesing van Herman de Coninck wat in Afrikaans vertaal is, *Die lenige liefde* (2009). Sy is van mening dat die eenvoud en toeganklikheid van De Coninck se gedigte 'n rede vir sy suksesvolle vertaling in Afrikaans is, en dat ook hierdie bundel "gekenmerk [word] deur Hugo se presiese vertaaltegniek" (Taljard, 2009: 199), waarop sy dan voorbeelde ter stawing gee met die Nederlandse teks en die Afrikaanse vertalings daarnaas. Hierop volg 'n paragraaf waarin sy ook kritiek teen sommige vertaalkeuses en -kwessies lewer, maar sy sluit die resensie op 'n positiewe noot af deur Hugo se belangrike rol as vertaler te beklemtoon en ook 'n aanduiding te gee van wie die teikengehoor van die bloemlesing in Afrikaans is.

Bernard Odendaal (2017) se resensie oor Leonard Nolens se bundel *'n Digter in Antwerpen* (2015) plaas 'n besondere klem op sowel die vertaling as die vertaler. Hoewel hy nie 'n vergelykende lees van die vertalings aanbied nie, haal hy wel uit verskeie van die Afrikaanse vertalings aan, en meld waarom hierdie vertaalde gedigte tot Afrikaanse lesers sal spreek. Die toekennings wat Hugo van die Van Ewijck-stigting ("vir sy brugbouerswerk tussen Suid-Afrika en die Nederlande") en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ("vir sy vertaalwerk") ontvang het, word vermeld, en ook dat hy "meer as 50 Nederlandse boeke in Afrikaans" vertaal het. Die resensie word afgesluit met verdere biobibliografiese inligting oor die vertaler en sy posisie binne die Afrikaanse letterkunde:

> As ervare digter (met 15 eie digbundels agter sy naam) is hy as't ware in die wieg gelê om digwerk in Afrikaans om te sit. Dié werk, sy sewende vertaalde keur uit werk van prominente Nederlandstalige digters die afgelope twee dekades, is 'n klinkende bewys hiervan – sóós sy Afrikaanse omsettings van Eduard [sic] FitzGerald se (oorspronklik Engelse weergawes van) *Die roebaijat van Omar Khajjam*. Derhalwe beklee Hugo 'n sentrale plek in 'n ontwikkeling binne die Afrikaanse letterkunde wat sedert die sosiopolitieke omwentelings van die vroeë 1990's in Suid-Afrika opvallend geword het: 'n verhewigde nasionale en internasionale wisselwerking. (Odendaal, 2017)

Odendaal (2010) resenseer ook die vertaling van Herman de Coninck se bloemlesing *Die lenige liefde* (2009). Hy is van mening dat "poësievertaling een

van die heel riskantste literêre ondernemings is" – weens die verkoopbaarheid daarvan en die feit dat dit waarskynlik literêr-krities behoorlik ontleed sal word. Hy vel sy oordeel nog voor die bundel self bespreek word: "Lees 'n mens werk soos die waaroor hierdie resensie handel, weet jy weer met sekerheid dat dit van onmisbare belang vir 'n kultuurtaal is – dat dit 'n kosbare geskenk aan Afrikaans behels deur sowel die vertaler as die uitgewer" (Odendaal, 2010: 169). Hy verwys verder na die rol van die vertaler deur 'n aantal punte uit die "verhelderende voorwoord" deur Hugo te belig, en gaan dan voort deur 'n aantal gevalle uit die bundel as voorbeelde te gebruik van "poëtiese winste in die oorsetting na die Afrikaanse idioom" (Odendaal, 2010: 170). Ook 'n paar voorbeelde van "plekke waar vraagtekens by die leser ontstaan oor sekere vertaalwyses" (Odendaal, 2010: 171) word uitgelig. Uiteindelik is dit "'n geslaagde omsetting in Afrikaans, hoewel nie sonder vlekke nie" en een wat "iets waardevols bydra tot die Afrikaanse poësieskat" (Odendaal 2010: 171).

In sy bespreking van Miriam Van hee se bundel *In plaas van die stilte: 'n keuse uit die gedigte van Miriam Van hee* (2011), verskaf Van Schalkwyk (2011: 149) biobibliografiese inligting oor die vertaler en verwys na vorige "knap vertalings van poësie en prosa uit die Nederlands". Die rol van die vertaler word uitgelig deur te verwys na die seleksieproses van sowel gedigte as digters vir so 'n vertaalde bundel (Van Schalkwyk, 2011: 149). Vertaling kan voorts ook gesien word "as 'n aanvulling tot en selfs 'n verryking van die Suid-Afrikaanse of liewer spesifiek Afrikaanse literêre aanbod" (Van Schalkwyk, 2011: 149-150). Die vertaling is "besonder beheers en keurig gedoen", maar hy skryf die sukses van sommige vertalings "eerder aan die natuurlike verwantskap van die twee tale" toe as aan die vernuf van die vertaler (Van Schalkwyk, 2011: 150). Hy weerhou hom egter daarvan om "'n vertaaltegniese analise" te doen omdat hy eerder op die inhoudelike en verstegniese wil fokus (Van Schalkwyk, 2011:150). Van Schalkwyk (2014: 208) resenseer ook die bloemlesing van Alfred Schaffer, *Kom in, dit vries daar buite* (2013), en beskou die rol van die vertaler hier as 'n "gids en gasheer" waar sy Afrikaanse weergawes (wat naas die Nederlandse teks verskyn) "toegang tot die Nederlandse tekste verleen en nie vir hulself aandag opeis nie". Hy beskou die Afrikaanse vertalings byna as "uitgebreide 'eindnotas' by die Nederlandse grondtekste" (Van Schalkwyk, 2014: 208). Laastens resenseer Van Schalkwyk (2011a) ook 'n prosavertaling, naamlik dié van Tom Lanoye se *Sprakeloos* (2011). Dit is 'n uitvoerige resensie waarin hy onder andere die resepsie van Lanoye se werk in die Lae Lande bespreek en ook sy ander werk wat al in Afrikaans vertaal is, opnoem. Taal, wat so 'n sentrale rol in die teks speel, word in die laaste gedeelte onder die loep geneem, en vertaling kom ook hier aan bod met twee voorbeelde uit die teks wat uitgelig word. Hy is van mening dat die teks

selfs meer verafrikaans moes word, maar uiteindelik "verdien Daniel Hugo 'n pluimpie vir die kwaliteit van die vertaling, te meer omdat sy omsetting van die teks steeds vir Lanoye laat skitter" (Van Schalkwyk, 2011a: 204).

Peters (2011) resenseer die vertaling van die bundel, *Onder die appelboom: 'n keur uit die poësie van Rutger Kopland* (2010). Hy verwys na Hugo se rol as samesteller van die versameling, en erken ook "[b]y die lees van die bundel het 'n mens natuurlik ook te doen met die kuns van vertaling" (Peters, 2011: 158). Hy wonder egter soms "wat die sin daarvan is om volkome verstaanbare Nederlandse gedigte in Afrikaans te vertaal", maar erken ook dat daar voorbeelde is waar die vertalings vir die Afrikaanse lesers die moeite werd is om naas die Nederlands te lees (Peters, 2011: 158-159). Hierbenewens poog Hugo "deurgaans om presies en getrou te vertaal, hy neem selde vryhede met die oorspronklike werk, maar met so 'n gedissiplineerde benadering gaan die musikaliteit van die oorspronklike verse plek-plek verlore" (Peters, 2011: 159). Hy bespreek 'n aantal voorbeelde uit die bundel en sy oordeel is uiteindelik: "Daniel Hugo se vertaling laat reg geskied aan hierdie besondere digter, en dit is goed dat sy werk deur so 'n dubbeldoorbundel aan 'n wyer Afrikaanse leserskring bekendgestel word. Daarby kan die Nederlandse leser miskien in hierdie publikasie Afrikaans se vermoëns takseer en die digterlike krag van ons taal van nader leer ken" (Peters, 2011: 160) – in laasgenoemde stelling lig hy ook die potensiële impak van die vertaling op die bronkultuur uit, wat implisiet die vertaler se rol as bemiddelaar tussen die twee kulture erken.

Van Niekerk (2012; oor Van Rijckeghem en Van Beirs se *Jonkvrou*, 2011) begin haar resensie met biobibliografiese inligting van die vertaler deur te verwys na die omvang en verskeidenheid van Nederlandse vertalings wat Hugo op sy kerfstok het, en dit word afgesluit met opmerkings oor die vertaling wat "maklik leesbaar en dikwels kreatief aangepak" is, maar ook punte van kritiek ontlok. Of die teks wel iets vir Suid-Afrikaanse tieners te sê het, bly vir die resensent egter 'n groot vraag.

Van den Berg (2013) verklaar in die eerste paragraaf van sy resensie oor die vertaling van Adriaan van Dis se *Tikkop* (2012) die volgende: "'n Resensie soos hierdie sit tussen 'n paar stoele – dit behoort die waarde van die teks én as literêre werk én as vertaling te waardeer, asook te verreken dat hierdie 'n ander resepsiekonteks as die oorspronklike veronderstel" – die resensie fokus dan op laasgenoemde. Oor die vertaling self is sy oordeel: "Daniel Hugo se vertaling lees besonder natuurlik en daar is meer as een pragtige poëtiese vonds" (Van den Berg, 2013: 177).

In haar resensie van Dimitri Verhulst se *Die helaasheid van die dinge* (2018) lê Van der Watt (2019) spesiale klem op vertaalaspekte van die teks, soos die uitdaging wat vertaling uit Vlaams aan die vertaler stel, die seleksiekriteria vir vertalings uit Nederlands, kritiek op die plaaslike kleur van die teks wat verlore geraak het

weens die domestikerende aard van sommige vertaalkeuses, en die feit dat die vertaler se naam nie – soos gewoonlik – op die voorplat verskyn nie.

Ter opsomming blyk dit uit die 30 resensies wat in die twee akademiese publikasies verskyn het, dat 10 resensies (33,3% van hierdie korpus akademiese resensies) die vertaling of vertaler ignoreer of slegs oppervlakkig daarna verwys (in twee daarvan word die vertaler slegs in die tegniese besonderhede van die teks onder bespreking vermeld) – maar in die meeste gevalle is die resensent se kommentaar wel duidelik positief ten opsigte van die vertaler/vertaling. Uit die 20 resensies wat die vertaling meer uitvoerig bespreek, is daar drie resensies (10% van akademiese resensies) wat die vertalings oorwegend tot uiters negatief beoordeel het. Die oorblywende 17 resensies bevat sowel positiewe as negatiewe kommentaar op die vertalings, maar die finale oordeel is telkens positief – hetsy beoordeel op grond van die resensent se persepsie van vertaalkwaliteit, of op die bydrae wat die teks (danksy Hugo en/of Protea Boekhuis) tot die Afrikaanse kultuurskat lewer. Sommige resensente is egter skepties oor die seleksie van die teks vir vertaling en of die deursnit Afrikaanse leser daarin belang sou stel.

3.2.2 Nuusblaaie, tydskrifte en blogs

Die volgende patrone is waargeneem met die kwalitatiewe ontleding van die resensies wat in nuusblaaie, tydskrifte en in aanlyn publikasies verskyn het:

Fokus op vertaling	**Aantal resensies**
Die vertaler/vertaling word glad nie/slegs een maal vermeld	13
Uitsluitlik tot oorwegend negatief – voorbeelde ter stawing word aangebied	2
Uitsluitlik tot oorwegend positief – voorbeelde ter stawing word aangebied/rol van vertaler word bespreek	17

Tabel 5: Fokus op vertaling in resensies in dagblaaie, tydskrifte en aanlyn publikasies

Resensies wat in dagblaaie, tydskrifte en aanlyn publikasies verskyn, is oor die algemeen heelwat korter as akademiese resensies, en die klem daarvan is duidelik (en verstaanbaar) op die bekendstelling van die outeur en die verhaalgegewens. Slegs twee uitsluitlik of oorwegend kritiese resensies ten opsigte van die vertalings is geïdentifiseer (beide het op *LitNet* verskyn), terwyl minder as die helfte van die resensies (40,6%, teenoor die 33,3% van akademiese resensies)

slegs 'n kort opmerking oor die vertaling bevat, sonder om kritiese of positiewe kommentaar met voorbeelde te staaf – hoewel hierdie kommentaar ook in die meeste gevalle dui op 'n positiewe resepsie van die vertaalwerk. Daar word dikwels na Hugo se ervaring as vertaler uit Nederlands verwys, met die implisiete logiese gevolgtrekking dat die vertaling daarom goed is. Weens die mindere fokus op vertaalaspekte in resensies wat in koerante, tydskrifte en aanlyn publikasies verskyn het, word slegs enkele verteenwoordigende aanhalings ter illustrasie aangebied:

Die vertaler/vertaling word glad nie/slegs een maal vermeld

In Smith (2017) se resensie oor die vertaling van *Oorlog en terpentyn* (Hertmans 2016) word, buiten in die besonderhede van die teks onder bespreking, glad nie na die vertaling verwys nie, behalwe vir kritiek op die omslag, setwerk en tipografie.

In resensies van Van Zyl (2015; *Die hormoonfabriek* van Goldschmidt, 2015), Wyngaard (2017; *Ware mense* deur Bart de Graaff, 2017), Burger (2017; *Oorlog en terpentyn*, 2016), Verster (2017; ook *Oorlog en terpentyn*) en Viljoen (2004; *Die plaag. Die stil geknaag van skrywers, termiete en Suid-Afrika* deur David van Reybrouck, 2003) word bloot genoem dat die teks deur Hugo uit Nederlands vertaal is.

En dan is daar gevalle waar die vertaling skrams met 'n positiewe woord erken word, soos: "Daniel Hugo se vertaling uit die oorspronklike Nederlands is liries en sensueel ..." (Booyens 2012; *Die arkvaarders* van Anne Provoost, 2012); Steinmair (2020) is van mening dat *Die verdriet van België* deur Hugo Claus (2020) "in frappante Afrikaans vertaal is"; Van Rensburg (2016; *Oorlog en terpentyn*) is dankbaar "dat Daniel Hugo ons met sy sprankelende vertalings (in dié geval uit Nederlands) blootstel aan die Europese letterkunde noudat ons versink het in die Engelse en Amerikaanse aanbod"; Meiring (2018; Verhulst se *Die helaasheid van die dinge*, 2018) eggo hierdie sentiment: "Die Afrikaanse weergawe is die nuutste van tientalle Nederlandse boeke wat Daniel Hugo vernuftig oopskryf"; Hambidge (2011) verklaar Tom Lanoye se Sprakeloos (2011) is "uitstekend vertaal deur Daniel Hugo" en skryf 'n "besondere leeservaring" aan Hugo se "behendige vertelling" toe. Hambidge (2020) vind ook *Die singende wêreld* van Marc Tritsmans "'n pragboek. Nog 'n bundel wat die vertaalskat vir Afrikaanse lesers verruim. Dank aan die vertaler en Naledi".

Uitsluitlik tot oorwegend negatief – voorbeelde ter stawing word aangebied

Roux (2015) begin sy resensie van die vertaling van Lisette van de Heg se *Mara* met 'n stelling wat verwys na vertroue in die vertaler:

> Die vertaler is – wie anders? – Daniel Hugo, wat besig is om meer bekend te raak vir sy vertalings uit Nederlands as vir sy gedigte. Hugo se naam in die binnewerk van 'n vertaling is altyd 'n gerusstelling: ongeag die gehalte van die boek weet jy dat dit vlot en foutloos sal lees.

Hy sluit egter op 'n baie negatiewe noot af met redes vir sy teleurstelling in die vertaal- én redigeerwerk:

> Dis 'n boek wat uit die hemel geval het; 'n heilige, geseënde verhaal ...
>
> ... waarvan die meriete selfs nie deur die onbeholpe vertaalwerk en swak proefleeswerk ondermyn word nie. Want hiér het Hugo sy moses teengekom. Die teks wemel van onvergeeflikhede soos "stop" pleks van "stilhou" ('n hele paar keer); en daar is so baie proefleesflaters dat 'n mens nie sal weet waar om op te hou as jy eers begin opnoem nie.

Van der Watt (2017; *Oorlog en terpentyn*, 2016) begin die resensie met 'n erkenning van die rol van die vertaler en uitgewer: "Danksy Protea Boekhuis se volgehoue poging om ons kultuurskat te verryk, kan ook Afrikaanse lesers hierdie werk geniet (vertaal deur Daniel Hugo) sonder die struikelblokke wat ons daarvan weerhou om skrywers uit die Lae Lande te ontdek". Kritiek op die vertaling word nie beperk tot vertaalkeuses nie, maar die redigering van die teks kom ook onder skoot – 'n erkenning dat daar ook ander agente by die produksie van 'n vertaling betrokke is. Ten spyte van die kritiek, word positiewe aspekte van die vertaling ook uitgelig, en uiteindelik is die teks "'n boeiende en aandoenlike verhaal".

Uitsluitlik tot oorwegend positief – voorbeelde ter stawing word aangebied/rol van vertaler word bespreek

Die meerderheid (53,1%) van resensies wat in koerante, tydskrifte en aanlyn publikasies gepubliseer is, staan uitsluitlik tot oorwegend positief teenoor die vertaler en bied ook voorbeelde ter stawing aan – al word slegs 'n baie klein gedeelte van die resensies aan die vertaling afgestaan vergeleke met die besprekings in akademiese publikasies. Die rol van die vertaler en/of sy ervaring word dikwels beklemtoon, byvoorbeeld, "Hierdie roman sou egter nie gewees het wat dit is nie sonder die vermoëns van Hugo. As Afrikaanse produk is dit 'n gebosseleerde taalervaring, as't ware – elke woord staan uit die bladsy op" (Naudé 2015; oor Lanoye se *Gelukkige slawe*, 2015).

Botha (2017) prys *Oorlog en terpentyn* (2016) se taalgebruik, en verklaar dan: "En die vertaler, Daniel Hugo, vind akkurate Afrikaans daarvoor." Britz (2017) begin sy uitspraak oor die vertaling van *Vakansiehuis met swembad* (2015) soos volg: "Daniel Hugo se vertaling in Afrikaans is, soos altyd, uitstekend."

Joan Hambidge, as ’n gesoute en gerekende resensent, se uitsprake ten opsigte van vertalings wissel van slegs erkenning soos reeds in die vorige afdeling behandel, tot ’n besinning in die kleine oor vertaling en wat dit behoort te wees. Van haar uitsprake is soos volg: “Daniel Hugo is ’n gesiene vertaler van Nederlandse digters. As die digter ’n sonnet skryf, moet jy die gedig in die sonnetvorm behou. Daniel Hugo begryp hierdie werkwyse ook” (Hambidge 2013; oor Alfred Schaffer se *Kom in, dit vries daar buite*, 2013); “Hugo is ’n getroue vertaler van De Coninck en miskien is hy die regte vertaler vir hierdie digter se werk, omdat beide digters oënskynlik maklik en speels is” (Hambidge 2009; *Die lenige liefde*, 2009); “Die vertaling lees vlot en lekker”; “En dat ’n vertaler die stamina gehad het om so ’n dikke boek te vertaal, dwing bewondering af” (Hambidge 2020a; Hugo Claus se *Die verdriet van België*, 2020).

Walters (2013) is konsekwent in sy hantering van resensies oor vertaalde tekste, en bied voorbeelde ter stawing aan wanneer hy verklaar dat Hugo in *Bo is dit stil* (Bakker, 2013) “die roman in oortuigende Afrikaans” vertaal het. Hy beskou die beskikbaarheid van die bronteks as voorwaarde vir ’n uitgebreide vergelyking, maar voel wel “[d]ie Afrikaanse teks lees egter lekker en selfs gespierd” (Walters, 2016; *Gelukkige slawe*, 2015). Walters benadruk telkens die rol van vertalings of spreek waardering teenoor die uitgewer en vertaling uit: “Vertalings verryk ’n letterkunde deur ’n blik te bied op wat elders ter wêreld verskyn. Afrikaanse lesers moet Protea bedank vir die uitgebreide geleentheid om veral van hedendaagse Nederlandse letterkunde bewus te word deur sy vertalingsprogram” (Walters, 2013).

Al skop Mödler (2014) die twee paragrawe waarin hy die vertaling van Dick Swaab se *Ek is my brein* (2014) bespreek, redelik negatief af met: “Die vertaling uit Nederlands is dikwels lomp”, verklaar hy later “[d]it is egter nie Daniel Hugo se skuld nie, want daar is geen manier vir iemand buite die mediese wêreld om te weet hoe dokters onder mekaar praat nie.” Hy verklaar verder:

> Gelukkig is hierdie gedeeltes van die boek in die minderheid en lesers word sterk aangeraai om deur te druk. Die grootste gros van die bladsye is vertellings en anekdotes oor siektes, abnormaliteite en afwykings van die brein wat lesers baie interressant [sic] gaan vind. En dit is hier waar Hugo se vertaling tot sy reg kom.

Wat byna al die resensies in die korpus met mekaar gemeen het, is dat die outeur van die bronteks besonder goed aan die Afrikaanse leser bekendgestel word. Die outeur se status in die Nederlandstalige letterkunde word goed omskryf, met verwysings na literêre pryse of benoemings daarvoor, of die omvang van vertalings van die spesifieke werk of vorige werke van die betrokke outeur. Sommige resensies vergelyk ook die werk onder bespreking met vorige

Afrikaanse vertalings van dieselfde of ander vertaalde outeurs uit die Lae Lande (veral in resensies oor vertaalde poësie) – maar sluit dikwels ook vergelykings met ander skrywers in (internasionaal, of Afrikaanse skrywers met wie se werk die Nederlandse outeur ooreenkomste toon).

4. Gevolgtrekking

Andringa (2006: 537) verklaar dat "[p]rocesses of reception manifest themselves in a range of phenomena and products. The reception of a foreign oeuvre in a target literature by no means starts with translations". Dit is beslis ook waar van Nederlandse literatuur in Afrikaanse vertaling, en dan ook Daniel Hugo se Nederlandse vertaaloeuvre. Vir die doelkultuur het dit begin deur kennismaking met Hugo se poësie, sy omroeperstem, sy gereelde bydraes in dagblaaie en optredes by feeste. Die inventarisondersoek het 'n duidelike beeld van die omvang van Hugo se vertaalaktiwiteite gevorm, maar ook die betrokkenheid van ander instellings en agente wat tot sy graadsentraliteit in die Afrikaanse vertaalsisteem bygedra het, uitgelig. Verdere ondersoek na die impak van instellings soos die Nederlands Letterenfonds en Literatuur Vlaanderen op die seleksie, produksie en verspreiding van vertaalde Nederlandstalige literatuur in Afrikaans word tans in die vooruitsig gestel.

Aan die resepsiekant is waargeneem dat resensies van vertalings uit Nederlands wat deur Hugo gedoen is, gereeld in sowel akademiese publikasies as in platforms wat op 'n wyer leserspubliek gerig is, verskyn het. Die vertrouensgebaseerde benadering maak ook ruimte vir die dinamiek van vertroue of wantroue tussen die verskillende agente betrokke in die produksie, verspreiding en resepsie van vertalings (Rizzi, Lang en Pym, 2019: 9-10). Hierdie dinamiek is veral duidelik wanneer die gloeiende resensies van vertalings in dagblaaie of die sosiale media met die meer kritiese aanslag van dié in akademiese publikasies vergelyk word.

Ten spyte van skerp kritiek wat soms (en veral in akademiese bronne) teen sy vertaalwerk uitgespreek word, is die resepsie daarvan oorwegend positief en waarderend. Hierdie resepsie van sy werk kan enersyds dui op vertroue in sy rol as kulturele bemiddelaar (wat toegeskryf kan word aan die uitgebreide simboliese kapitaal wat hy as akademikus, radiopersoonlikheid en Afrikaanse digter opgebou het), terwyl dit andersyds ook bevestig hoe hierdie bemiddelaarsposisie gebruik kan word "for the selfconsecration of the translator" (Heilbron en Sapiro, 2007: 103) en moontlik 'n minder kritiese aanslag van resensente tot gevolg kan hê.

Universiteit Stellenbosch/KU Leuven

Bronnelys

Andringa, E. 2006. Penetrating the Dutch polysystem: The reception of Virginia Woolf, 1920- 2000. *Poetics Today*, 27(3): 501–568.

Batchelor, K. 2018. *Translation and Paratexts.* Abingdon: Routledge.

Belle, M.-A. en Hosington, B. M. 2017. Translation, history and print: A model for the study of printed translations in early modern Britain. *Translation Studies*, 10(1): 2–21.

Botes, N. 2012. "Haar art was befok, haar gap was groovy". Die resepsie van Ronelda Kamfer se *Noudat slapende honde* in Suid-Afrika en die Lae Lande. *Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans*, 19(2): 128–163.

Bradford, L. R. 2009. The agency of the poets and the impact of their translations. Sur, Poesía Buenos Aires, and Diario de Poesía as aesthetic arenas for twentieth-century Argentine letters. In: Milton, J. en Bandia, P. (reds.). *Agents of Translation.* Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins. 229–256.

Brems, E. en Ramos Pinto, S. 2013. Reception and translation. In: Gambier, Y. en Van Doorslaer, L. (reds.). *Handbook of translation studies.* Amsterdam/ Philadelphia: John Benjamins. 142– 147.

Buitendach, S. 2018. Selling translation rights in trade publishing: Case studies of Dutch translations of Afrikaans fiction in The Netherlands and Belgium. Ongepubliseerde PhD- tesis. Universiteit van Pretoria.

Erasmus, M. 1998. Literêre vertaling as kruiskulturele kommunikasie: *Kartonnen dozen* van Tom Lanoye in Afrikaans. *Literator*, 19(3): 29–51.

Heilbron, J. en Sapiro, G. 2007. Outline for a sociology of translation: Current issues and future prospects. In: Wolf, M. en Fukari, A. (reds). *Constructing a Sociology of Translation.* Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins. 93–107.

Heilbron, J. en Sapiro, G. 2016. Translation: Economic and sociological perspectives. In: Ginsburgh, V. en Weber, S. (reds.). *The Palgrave Handbook of Economics and Language.* London: Palgrave Macmillan. 373–402.

Hermans, T. 1996. The translator's voice in translated narrative. *Target*, 8(1): 23–48.

Hugo, D. 2010. Daniel Hugo: Die wording van 'n vertaler. *The Low Countries. Arts and society in Flanders and the Netherlands*, nr. 18.

Hugo, D. 2017. Hugo Claus, die briefie en die Boere van SA. *Rapport*, 30 April.

Hugo, D. 2018. *Stefan Hertmans en Tom Lanoye in gesprek met hun Zuid-Afrikaanse vertaler Daniel Hugo.* Paneelgesprek. Universiteit Gent, 26 Oktober.

Hugo, D. 2020. *Jou rol as vertaler.* Kommunikasie per e-pos. 13 November.

Keuris, M. 2020. Die veranderende wêreld van Afrikaanse drama vertalings en verwerkings: Enkele opmerkings. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 60(1): 3–15.

Kleyn, L. A. 2013. 'n Sisteemteoretiese kartering van die Afrikaanse literatuur vir die tydperk 2000-2009: Kanonisering in die Afrikaanse literatuur. Ongepubliseerde PhD- skripsie. Universiteit van Pretoria.

Littau, K. 2011. First steps towards a media history of translation. *Translation Studies*, 4(3): 261– 281.

McMartin, J. 2019. Boek to Book: Flanders in the Transnational Literary Field. Ongepubliseerde PhD-skripsie. KU Leuven.

Nederlands Letterenfonds. 2020. Vertalingen database. Beskikbaar: https://letterenfonds.secure.force.com/vertalingendatabase/zoeken. (Datum van gebruik: 23 November 2020).

Nord, C. 1991. Scopos, Loyalty, and Translational Conventions. Target *International Journal of Translation Studies*, 3(1): 91–109.

Odendaal, B. 2017. *'n Digter in Antwerpen*: 'n Keuse uit die gedigte van Leonard Nolens, uit Nederlands vertaal deur Daniel Hugo. *Literator*, 38(1).

O'Sullivan, C. 2012. Introduction: Rethinking methods in translation history. *Translation Studies*, 5(2): 131–138.

Pym, A. 1998. *Method in Translation History.* Manchester: St. Jerome Publishing.

Rizzi, A., Lang, B. en Pym, A. (reds.). 2019. *What is translation? A trust-based approach, Translation Review.* Cham: Palgrave Macmillan.

Senekal, B. A. 2013. 'n Netwerkontleding van die Afrikaanse poësienetwerk vanaf 2000 tot 2012. *Stilet*, 25(2): 99–124.

Steyn Bezuidenhout, C. 2019. Bart de Graaff laat vergete Griekwa-kaptein herleef in nuwe boek. *Maroela Media*, 13 November. https://maroelamedia.co.za/afrikaans/boeke/bart-de-graaff-laat-vergete-griekwa-kaptein-herleef-in-nuwe-boek/. (Datum van gebruik: 1 Maart 2021).

T'Sjoen, Y. 2012. Sheila Cussons en Wilma Stockenström in de Nederlandse literatuur. Aanzetten voor een receptiestudie. Literair-institutionele positionering en kritische ontvangst van twee Zuid-Afrikaanse dichters in Nederland. *Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans*, 19(2): 109– 127.

T'Sjoen, Y. 2015. Breyten Breytenbach in een zijspiegel: Het vizier van H.C. ten Berge. Transnationale laterale beweging en particuliere "hetero-images" van een literaire actor. *Werkwinkel*, 10(1): 33–50.

T'Sjoen, Y. 2016. Nederlandstalige literatuur onder het Zuiderkruis. *LitNet*. Beskikbaar: https://www.litnet.co.za/nederlandstalige-literatuur-onder-het-zuiderkruis/. (Datum van gebruik: 17 Oktober 2016).

Van der Watt, M. 2021. "Handy, the Middlemen": Mediating Afrikaans Literature in the Low Countries. In: Pacheco Aguilar, R. en Guénette, M.-F. (reds.). *Translation and Interpreting Practice Revisited: Situatedness and Performativity.* Leuven: Leuven University Press.

Van Zyl Smit, B. 2005. Medea praat Afrikaans. *Literator*, 26(3): 45–64.

Viljoen, L. 2014. Die rol van Nederland in die transnasionale beweging van enkele Afrikaanse skrywers. Internationale Neerlandistiek, 52(1): 3–26.

Viljoen, L. 2019. Antjie Krog as kulturele bemiddelaar: aspekte van haar skrywerspostuur in die Lae Lande. LitNet Akademies, 16(2). Beskikbaar: www.litnet.co.za/antjie-krog-as-kulturele- bemiddelaar-aspekte-van-haar-skrywerspostuur-in-die-lae-lande/. (Datum van gebruik: 1 Maart 2021).

Williams, A. 2020. 'n Ondersoek na die seleksie en funksie van internasionale kinderboeke wat in Afrikaans vertaal is vir die tydperk 1990-2018. Ongepubliseerde PhD-skripsie. Stellenbosch Universiteit.

Bronnelys van resensiekorpus:

Basson, M. 2015. Die aandete. *Tydskrif vir Letterkunde* 51(1): 259-260.

Booyens, H. 2012. Dramatiese oorvertelling van Bybelse storie vir oopkoplesers. *Die Burger*, 18 Junie.

Botha, D. 2017. Fine Music Radio-resensie: *Oorlog en terpentyn* deur Stefan Hertmans, vertaal deur Daniel Hugo. *LitNet*, 16 Februarie. https://www.litnet.co.za/fine-music-radio-resensie-oorlog-en-terpentyn-deur-stefan-hertmans-vertaal-deur-daniel-hugo/. (Datum van gebruik: 1 Maart 2021).

Britz, E. 2017. *Vakansiehuis met swembad* deur Herman Koch, vertaal deur Daniel Hugo. *LitNet*, 22 Februarie. https://www.litnet.co.za/vakansiehuis-met-swembad-deur-herman- koch-vertaal-deur-daniel-hugo/. (Datum van gebruik: 1 Maart 2021).

Burger, W. 2017. Kies 'n boek: *Oorlog en Terpentyn*. *Vrouekeur*, 27 Maart.

Crous, M. 2009. Lanoye se donker humor. *Literator*, 30(2): 159-198.

Crous, M. 2017. Vlaamse knuffelbeer pak neoliberalisme. *Literator*, 38(1).

Foster, L. 2011. Koning van Katoren. *Tydskrif vir Letterkunde*, 48(2): 242-243.

Hambidge, J. 2013. Tom Lanoye - *Sprakeloos* (2011). *Woorde wat weeg*, 21 Januarie. https://joanhambidge.blogspot.com/2013/01/ tom-lanoye-sprakeloos-2011.html. (Datum van gebruik: 1 Maart 2021).

Hambidge, J. 2013. Herman de Coninck - *Die lenige liefde* (Uit Nederlands vertaal deur Daniel Hugo) (2009). *Woorde wat weeg*, 3 Februarie. https://joanhambidge.blogspot.com/2013/02/herman-de-coninck-die-lenige-liefde-.2009.html. (Datum van gebruik: 2021).

Hambidge, J. 2013. Moderne Lucebert aan die woord. *Die Burger*, 15 April.

Hambidge, J. 2015. Toeganklik, nié oppervlakkig. *Beeld*, 11 Mei.

Hambidge, J. 2019. Resensie: Benno Barnard – *Die trouservies* (Vertaal deur Daniel Hugo) (2019). *Woorde wat weeg*, 23 Julie. https://joanhambidge.blogspot.com/

2019/07/resensie- benno-barnard-die-trouservies.html. (Datum van gebruik: 1 Maart 2021).

Hambidge, J. 2020. Vertaalde verse síng vir poësieliefhebbers. *Die Burger*, 3 Februarie.

Hambidge, J. 2020a. Geslaagde vertaling dans in die nuwe taal. *Die Burger*, 7 September.

Jordaan, D. 2019. El Negro en ek. *Tydskrif vir Letterkunde*, 56(1): 162-164.

Koen, D. 2019. Boekresensie: *Ek kom terug deur Adriaan van Dis* (vertaal deur Daniel Hugo). *LitNet*, 10 September. https://www.litnet.co.za/boekresensie-ek-kom-terug-deur-adriaan- van-dis-vertaal-deur-daniel-hugo/. (Datum van gebruik: 1 Maart 2021).

Loots, S. 2018. *El negro en ek*: Hugo-vertaling nie sonder gebreke. *Literator*, 39(1).

Maas, T. 2018. Oorlog en terpentyn. *Tydskrif vir Letterkunde*, 55(1): 193-195.

Meiring. J. 2019. Episodes skuur soos skuimende glase bier. *Die Burger*, 1 April.

Meiring, J. 2018. Klein kryger se moeilike vrae. *Beeld*, 29 Januarie.

Mödler, H. 2014. Die brein se geheime vir gewone sterflinge. *Rapport*, 8 Junie.

Naudé, C.P. 2009. *Die lenige liefde*: Hugo vind die onsigbare kraak waarin 'n oplossing lê. *LitNet*, 13 November. https://www.litnet.co.za/em-die-lenige-liefde-em-hugo-vind-die-onsigbare-kraak-waarin-n/. (Datum van gebruik: 1 Maart 2021).

Naudé, C.P. 2015. Digters dans van Vlaams na Afrikaans. *Die Burger*, 28 November.

Nieuwoudt, H. 2019. Van Dis is terug. *Literator*, 40(1).

Oberholzer, B. 2011. Middeleeuse gravin veg in Afrikaans. *Literator*, 32(2): 208-209.

Odendaal, B. 2010. Die lenige liefde. T*ydskrif vir Letterkunde*, 47(1): 169-171.

Odendaal, B. 2017. *'n Digter in Antwerpen: 'n Keuse uit die gedigte van Leonard Nolens*, uit Nederlands vertaal deur Daniel Hugo. *Literator*, 38(1).

Peters, M. 2011. 'n Keur van Rutger Kopland se gedigte - in Afrikaans. *Literator*, 32(1): 157-160.

Roux, J.B. 2013. 'n Aanwins ondanks krapperighede. *Die Burger*, 8 April.

Roux, J.B. 2015. Boekresensie: *Mara* deur Lisette van de Heg. *LitNet*, 26 Mei. https://www.litnet.co.za/boekresensie-mara-deur-lisette-van-de-heg/. (Datum van gebruik 10 Maart 2020).

Schaffer, A. 2017. Jy het 'n mooi vrou. *Literator*, 38(1).

Schoeman, J. 2017. *Oorlog en terpentyn* deur Stefan Hertmans: 'n lesersindruk. *LitNet*, 10 Oktober. https://www.litnet.co.za/oorlog-en-terpentyn-deur-stefan-hertmans-n-lesersindruk/. (Datum van gebruik: 1 Maart 2021).

Senekal, G. 2019. Literêre subtiliteite onder 'n growwe oppervlak. *Literator*, 40(1).

Smith, F. 2017. Storie van 'n skilder in die loopgraaf. *Rapport*, 19 Februarie.

Steinmair, D. 2020. Lees dat hoor en sien vergaan aan dié verslindbare verdriet. *Vrye Weekblad*, 29 Mei. https://www.vryeweekblad.com/mense-en-kultuur/2020-05-28-lees-dat-hoor-en-sien-vergaan-aan-di-verslindbare-verdriet/. (Datum van gebruik: 4 Januarie 2020).

Swart, M. 2016. Die hormoonfabriek. *Tydskrif vir Letterkunde*, 53(2): 234-236.

Taljard, M. 2009. Herman de Coninck - vertaald. *Literator*, 30(3): 199-200.

Van Coller, H.P. 2015. Orals is dit stil. *Literator*, 36(1).

Van den Berg, C. 2013. Tikkop. *Tydskrif vir Letterkunde*, 50(1): 176-177.

Van der Merwe, B.A.J. 2014. Van Dis skryf oor Suid-Afrika se verwoestende towerpoeier. *Literator* 35(1). Art. #1061.

Van der Merwe, J. 2018. Nóg oorlog, nóg terpentyn'. *Literator*, 39(1).

Van der Elst, J. 2005. Komrij se poëtiese reikwydte vertaal? *Literator*, 26(3): 159-162.

Van der Watt, M. 2017. "Oorlog en terpentyn" deur Stefan Hertmans. *LitNet*, 01 Maart. https://www.litnet.co.za/oorlog-en-terpentyn-deur-stefan-hertmans/. (Datum van gebruik: 29 Desember 2020).

Van der Watt, M. 2019. Die helaasheid van die dinge. *Tydskrif vir Letterkunde*, 56(1): 160- 162.

Van Niekerk, J. 2012. Jonkvrou. *Tydskrif vir Letterkunde*, 49(1): 191-192.

Van Rensburg, C. 2016. Gelade melancholie 'n pragtige skryn. *Beeld*, 28 November.

Van Schalkwyk, P.L. 2011. Die "triomferende Josée". *Literator*, 32(2): 200-204.

Van Schalkwyk, P.L. 2011. "licht uit een ander seizoen". *Literator*, 32(3): 149-154.

Van Schalkwyk, P.L. 2014. Kom in, dit vries daar buite. *Tydskrif vir Letterkunde*, 51(2): 206-20

Van Zyl, W. 2004. 'n Speurtog met baie ompaaie, maar sonder 'n werklike konklusie. *Literator*, 25(1): 209-212.

Van Zyl, W. 2014. Reinaard die vos, die wrede een met die rooi baard. *Tydskrif vir Letterkunde*, 51(2): 208-209.

Van Zyl, W. 2015. Leser se weersin neem toe. *Rapport*, 17 Mei.

Van Zyl, W. 2019. *Die helaasheid van die dinge* deur Dimitri Verhulst: 'n boekresensie. *LitNet*, 7 Maart. https://www.litnet.co.za/die-helaasheid-van-die-dinge-deur-dimitri-verhulst-n- boekresensie/. (Datum van gebruik: 1 Maart 2021).

Vercuil, N. 2017. *Die aandete*: 'n Resensie. *Literator*, 38(1).

Verster, F. 2017. Om aaklighede toe te verf, maar nie te vergeet nie. *Bolander*, 22 Maart.

Viljoen, H. 2015. Absurde maar onderkoelde emosie. *Literator*, 36(1).

Viljoen, L. 2004. Resensie: David van Reybrouck – *Die plaag. Die stil geknaag van skrywers, termiete en Suid-Afrika* (in Afrikaans vertaal deur Daniel Hugo). *Rapport*, 21 Maart.

Walters, C. 2013. 'Stil' vertelling vol onderstrominge. *Die Burger*, 2 September.
Walters, C. 2016. Boekresensie: *Gelukkige slawe* deur Tom Lanoye. *LitNet*, 4 Mei. https://www.litnet.co.za/boekresensie-gelukkige-slawe-deur-tom-lanoye/. (Datum van gebruik: 1 Maart 2021).
Walters, C. 2016. Boekresensie: *Oorlogswinter* deur Jan Terlouw. *LitNet*, 11 Mei. https://www.litnet.co.za/boekresensie-oorlogswinter-deur-jan-terlouw/. (Datum van gebruik: 1 Maart 2021).
Wyngaard, H. 2017. Reis na die hart van die Khoisan. *Rapport*, 3 Desember.

Note

1. Die onderskeid tussen taalgemeenskappe en taalgebiede word getref weens die feit dat Hugo se vertalings uit Engels meestal intrakulturele oordrag behels: Behalwe die onlangse vertalings van Jodi Picoult se werk, was sy vertalings uit Engels dié van Suid-Afrikaanse Engelse outeurs wat hy in Afrikaans vertaal het, byvoorbeeld Joyce Kotzè, Pamela Jooste, Desmond Tutu en Adam Small. In hierdie artikel word slegs op sy vertalings van skrywers uit die Lae Lande in Afrikaans gefokus.
2. Haar gevallestudies fokus op die werk van Deon Meyer en Irma Joubert.
3. Data is onttrek uit die databasis van die Nederlands Letterenfonds, maar ek sluit die volgende by my datastel uit: die drie dramatekste van Tom Lanoye, en tekste wat in die laat sewentigerjare deur Human & Rousseau uitgegee is binne sy "Literatuur van die Lae Lande"-reeks. In laasgenoemde verskyn die verhaal in Nederlands, maar die inleiding en verklarende notas in Afrikaans. Die enigste drie dramatekste wat in die databasis van die Nederlands Letterenfonds verskyn, is Antjie Krog se vertalings van *Mamma Medea* (2002) en *Koningin Lear* (2019) wat wel gepubliseer is, terwyl Marthinus Basson se vertaling, *Bloed en ros*e (2011), as ongepubliseerde teks aangedui word. Dit is egter belangrik om daarop te let dat Afrikaanse toneel veral in die vestigingsjare daarvan, ruim van vertaalde werke uit verskeie Europese tale gebruik gemaak het – en dus ook uit Nederlands (Keuris 2020). Aangesien Daniel Hugo se vertaaloeuvre die fokus van hierdie artikel is – wat geen dramavertalings insluit nie – sal daar nie verder op dramavertalings ingegaan word nie. Tom Lanoye is egter 'n belangrike agent binne die transnasionale uitruiling van kultuurgoedere tussen Suid-Afrika en die Lae Lande, en hierdie vertalings verdien dus vermelding.
4. Die enigste vertaler wat op daardie stadium drie boeke uit Nederlands vertaal het, was M.A. Bakker wat in 1969 drie kinderboeke van A.D. Hildebrand vir J.L. van Schaik vertaal het – volgens die data onttrek uit die databasis van die Nederlands Letterenfonds.
5. Die vertaling van kinder- en jeugliteratuur volg 'n unieke patroon, en ek sal dus nie in meer besonderhede daarop ingaan nie. Die enigste twee vertalers wat in sowel die Nederlands-Afrikaanse "volwasse" literatuursisteem as in die sisteem vir jonger lesers beweeg het, is Daniel Hugo en Antjie Krog – laasgenoemde met slegs een vertaling van 'n jeugboek, naamlik Ingrid Vander Veken se *Sam* (2012). Die vertaling van prenteboeke, waar die enigste teks soms slegs

op die voor- en agterplat verskyn, kan duidelik ook nie met die vertaling van ’n lywige teks soos Hugo Claus se *Die verdriet van België* (2020) vergelyk word nie. Vir ’n diepgaande ondersoek na die vertaling van kinderboeke in Afrikaans, verwys na Williams (2020).

6. Christine Barkhuizen-Le Roux is op 18 November 2020 oorlede, op die dag van haar vertaling van Griet op de Beeck se *Kom hier dat ek jou soen* (2020) se digitale boekbekendstelling. Ten tyde van haar dood het sy reeds projeksubsidies van Literatuur Vlaanderen ontvang om nog twee vertalings uit Nederlands in Afrikaans te doen, naamlik dié van Jeroen Brouwers se *Bezonken rood* (1981) en Saskia de Coster se *Nachtouders* (2019).
7. Kleyn (2013: 132) merk ook op dat dit duidelik is uit vertalings wat sedert 2000 in Afrikaans gemaak is, dat “vertalers meermale ook skrywers is – ’n dubbelspel wat aanleiding kan gee tot uitdagende magsprobleme in die verhouding tussen skrywer en vertaler”. Dit is ’n aspek van die Afrikaanse vertaaltoneel wat verdere ondersoek uitnooi.
8. ’n Bundel van Eddy van Vliet se poësie word ook in 2021 by Protea Boekhuis verwag, al verskyn die besonderhede nog nie op die Nederlands Letterenfonds se databasis nie (Hugo 2020).
9. Graadsentraliteit word in ’n netwerkontleding bereken deur vas te stel hoeveel skakels ’n nodus het en hoe aktief die nodus binne ’n netwerk is (Senekal 2013:107). In die geval van die poësienetwerk is Hugo byvoorbeeld in een berekening ’n nodus, met elkeen van sy bundels dan ’n skakel. In ’n volgende berekening is ’n bundel weer ’n nodus, en elke studie of resensie daaroor word dan as ’n skakel geag.
10. Dramatekste en kinder- en jeugboeke word weereens uitgesluit.
11. Tussen 1987 en 1991 word daar geen vertalings van prosa en poësie uit Nederlands in Afrikaans op die databasis van die Nederlands Letterenfonds aangedui nie.
12. Die Nederlandse historikus Bart de Graaff se biografie oor die Griekwa-kaptein, *Barend Barends – die vergete kaptein van Danielskuil* (2019), is ook deur Hugo vertaal. Hoewel dit deur die ATKV, die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en die Nederlandse Ambassade befonds is, is dit nie ’n kommersiële produk nie en is dit ook nie in Nederlands gepubliseer nie (Steyn Bezuidenhout, 2019). Dit word gevolglik nie in hierdie tabel ingesluit nie.
13. McMartin se berekening sluit alle genres in. Gegewe (veral) die beleid van Literatuur Vlaandere om veral kinder- en jeugboeke in vertaling te ondersteun (prenteboeke ingesluit), is dit moontlik dat die persentasie van befondsde vertalings uit Nederlands in Afrikaans selfs nog hoër kan wees.
14. Batchelor (2018: 142) definieer ’n parateks as “a consciously crafted threshold for a text which has the potential to influence the way(s) in which the text is received”
15. Google Scholar se soekfunksie is ook gebruik om te kontroleer vir volledigheid ten opsigte van resensies wat in akademiese publikasies verskyn het.
16. Erasmus (1998:46-47) verwys byvoorbeeld na drie verskillende resensies oor Tom Lanoye se *Kartondose* (1996) wat nie aanlyn beskikbaar is nie, terwyl die vroegste resensies wat ek wel aanlyn kon opspoor, uit 2004 dateer. Vir ’n meer diepgaande ondersoek sou die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) se knipseldiens ’n vollediger versameling resensies kon verskaf.